**Donderdag 5 September**

| | |
|---|---|
| **Skrifgedeelte: Romeine 3:1-20 (HK 2:3)** | **Fokusgedeelte: Romeine 3:1-12 (Psalm** |

**1:6)**

**Om God se genade te ontvang, is om jou ellende te ken**

Ellende op ellende. Niemand en almal ... Daar is niemand wat regverdig is of goed doen nie – selfs nie een nie. Almal het afgedwaal en ontaard. Die Jode, die Grieke, en so ook elkeen van ons. ’n Ellendige aanklag waaraan elkeen van ons tot die ewige dood toe skuldig is.

Wanneer ons na hierdie woorde van Paulus luister, mag ons onder geen omstandighede hierdie 20 verse losmaak van die res van sy brief aan die gelowiges in Rome nie. Indien ons net teen hierdie gedeelte vaskyk, word dit een van die moeilikste gedeeltes om te verklaar en loop ons die gevaar om nie God se reddende genade raak te sien nie.

Deur die wet bring God ons tot kennis van ons sonde, nie omdat die wet sleg is nie, maar omdat niemand die wet volkome kan onderhou nie! Selfs nie een nie ... In Jakobus 2:10 lees ons: “As iemand die hele wet onderhou, maar in één opsig struikel, is hy skuldig ten opsigte van al die gebooie.” Die moeilikheid is die mens se eie onvermoë om self volgens die wet van God te lewe. Inderwaarheid is die wet ’n absolute weerspieëling van God se heilige en regverdige genade. Die genade lê juis daarin dat die wet, reeds in die Ou Testament, ’n vooruitskouing van die genade was wat ons in en deur ons Here Jesus Christus se offer aan die kruis ontvang het.

Die verdere genade is dat die brief aan die gelowiges in Rome (en ook vir ons) by Romeine 3:20 kon eindig, maar dit is nie die geval nie! In sy heiligheid sou God regverdig wees om ons tot die ewige dood te veroordeel. God is nie net regverdig nie. Hy ook barmhartig en genadig. Genade op genade!

*Sing: Psalm 86-1:1, 6*

*Ds. JJ de Bruyn (Johannes) (George)*